Wie dit mag aangaan. 4 Julie 2023

Hopefield Fynbosskou het sy ontstaan in 1989 gehad en is sedertdien ‘n jaarlikse instelling op die Hopefield kalender. Die fokus van die skou is op omgewingsbewaring en tentoonstelling van die verskillende plantspesies van die Weskus. Die verkillende plantspesies, wat die unieke Renosterveld, Rietveld, Sandveld en Vleiland insluit, is ‘n trekpleister vir mense van regoor die wêreld. Dit spruit duidelik uit die feit dat ongeveer 20 000 mense die skou elke jaar besoek.

Voorts is die skou ook ‘n geleentheid vir samesyn en ontspanning. Daar is ‘n verskeidenheid kos-en tuisgemaakte produkte stalletjies asook aktiwiteite soos Mej Fynbos, ‘n bergfiets uitrit, ‘n vertoning deur die plaaslike veteraan motors, die Silwer Valke van die Lugmag en heelwat gaskunstenaars wat optree tydens die skou.

Die skou dien as ‘n groot bron van inkomste vir die Hopefield gemeenskap. Die organiseerders poog jaarliks om die skou te vernuwe en uit te bou om dit sodoende ‘n onvergeetlike ervaring vir alle besoekers te maak.

Hierdie jaar vind die skou se tweede braaikompetisie plaas op Saterdag, 26 Augustus 2023. Die deelnemers ding mee om aangewys te word as die braaimeesters van Hopefield Fynbosskou en die voorreg om ‘n jaar lank die titel te dra en oral daarmee te spog! Pryse in die vorm van Hampers word oorhandig. Die pryswaarde van die hmapers is as volg:

- 1ste prys – Hamper ter waarde van R 3 000-00
- 2de prys – Hamper ter waarde van R 2 000-00
- 3de prys – Hamper ter waarde van R 1 000-00
- Beste stalletjie (tema, opmaak en gees) – Hamper ter waarde van R 1 000-00

Om die kompetisie ‘n sukses te maak benodig ons verskeie items om die hampers mee op te maak en daarom neem ons die vrymoedigheid om u te nader vir die borg van enige item wat deel kan vorm van die hamper, of vir ‘n kontantbydrae waarmee ons dan items kan aankoop om die hampers mee op te maak. Kontantbydrae kan by in die volgende rekening inbetaal word:

Hopefield Sport Club
Rek nr: 083293345
Standard Bank
Takkode: 050511
Verwysing: Braaikompetisie borg

As teenprestasie is u welkom om tydens die kompetisie u besigheid se baniere uit te stale n sal ons u besigheid se naam deel maak van ons borgelys wat in die Weslander sal verkyn.

Indien u enige navrae het kan u vir Albie van Dyk (082 321 2335) of Jurgens Schreuder (082 466 1846) kontak.

By voorbaat dank vir u vriendelike oorweging van die bogenoemde versoek. Ons waardeer u betrokkenheid opreg.

Fynbosskou groete

Helena van der Westhuizen
Fynbosskou Voorsitter

Albie van Dyk
Organiseerder

Jurgens Schreuder
Organiseerder

HOPEFIELD
Sportklub | Sports Club